Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 272/03

Datum verhoor: 2004-09-14

Datum gelewer: 2004-09-14

In die appél van:

**ALFRED LOUW** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: KGOMO RP *et* MAJIEDT R

# UITSPRAAK OP APPÉL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant kom in hoër beroep teen sy opgelegde vonnis van 6 jaar gevangenisstraf. Hy doen ook aansoek vir die kondonasie van die laat aantekening van sy appél.

2. Wat die kondonasie aansoek aanbetref, is ek bereid om te aanvaar dat die appellant onkundig was aangaande die wyse waarop hy appél moes aanteken. Vervolgens moet ondersoek ingestel word of daar enige meriete in die voorgenome appél is.

3. Die appellant was daarvan aangekla dat hy vir Jan Jacobs, die klaer, aangerand het met die opset om hom ernstig te beseer deurdat hy die klaer geskop en getrap het en ook op sy bors gespring het. Die appellant het aanvanklik skuldig gepleit, maar ná ondervraging is 'n pleit van onskuldig aangeteken ingevolge die bepalings vervat in artikel 113 van die Strafproseswet, 51 van 1977

(”*die Wet*”). Nadat die klaer se getuienis aangehoor is (welke getuienis glad nie in geskil geplaas is deur die appellant nie), het die Staat sy saak gesluit. Die appellant het geen getuienis aangebied nie. Die appellant is daarna behoorlik skuldig bevind aan die ten laste gelegde misdryf. Grootliks vanweë die appellant se slegte misdaadrekord, is die saak toe oorgeplaas vir vonnis na die Streekhof. Die streeklanddros het die appellant gevonnis tot 6 jaar gevangenisstraf en hom ook gewaarsku van die bepalings van artikel 286 van die Wet.

4. Uit die klaer se getuienis blyk dit dat hy en die appellant en ene Simon gesit en drink het waar die laasgenoemde twee bokke opgepas het. Volgens die klaer het hy grappenderwys aan die appellant voorgestel dat hulle ‘n bok kon slag om braaivleis te hou. Die appellant het hom

toe bestorm en ernstig aangerand sodat hy sy bewussyn verloor het. Die klaer het sy bewussyn in die hospitaal herwin waar hy 10 dae moes deurbring. As gevolg van die aanval op hom is 4 van die klaer se ribbes gebreek en was daar ook skade aan sy longe.

5. Daar is geen noemenswaardige uitstaande kenmerke ten opsigte van die appellant se persoonlike omstandighede nie – hy is 35 jaar oud, sy saamleefmaat was swanger met hul kind; hy het ook 'n dogter wat hy onderhou en was hy werksaam as arbeider met 'n verdienste van R150.00 per week. Wat wel treffend is, is die appellant se slegte misdaadrekord, veral wat geweldsmisdade aanbetref. Die appellant se vorige veroordelings vir geweldsmisdrywe sien as volg daar uit:

- 1985 aanranding met die opset om ernstig te

beseer (bottelkop) – 7 houe met 'n ligte rottang;

- 1986 Aanranding met die opset om ernstig te beseer (snymasjienlem) – 7 houe met 'n ligte rottang;
- 1986 Aanranding met die opset om ernstig te beseer (baksteen en geklap) – 8 maande gevangenisstraf;
- 1987 Verkragting (liggaamlike geweld) – 7 houe met 'n rottang en 2 jaar gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort is vir 5 jaar op sekere voorwaardes.
- 1988 Verkragting (liggaamlike geweld) – 5 jaar gevangenisstraf.
- 1993 Moord (mes) – 6 jaar gevangenisstraf.

6. Die streeklanddros het 'n weldeurdagte uitspraak op

vonnis gelewer. Hy het al die tersaaklike strafversagtende en –verswarende faktore deeglik voor oë gehou. Die streeklanddros het heeltemal tereg die appellant se voormelde misdaadrekord as ‘n belangrike strafverswarende faktor in ag geneem. Ek kan derhalwe geen fout vind met die vonnisoorweging en vonnisoplegging nie.

7. Die klaer is baie ernstig beseer oor ‘n beuselagtigheid. Die appellant is duidelik ‘n gewelddadige persoon. Ek meen dat die streeklanddros eintlik die appellant baie toegeeflik behandel het tydens vonnisoplegging. Namens die appellant het Mnr. Cloete dan ook heel geredelik toegegee dat die vonnis nie inmenging regverdig nie.

8. Daar is geen meriete in die voorgeskrewe appél nie.

**Die appellantse aansoek om kondonasie vir die laat**

**aantekening van sy appél word afgewys.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam en dit word so beveel:**

_________________

**FD KGOMO**

**REGTER-PRESIDENT**

---

UITSPRAAK OP APPÉL : LOUW v S

Saak nr. : CA & R 272/03

NAMENS APPELLANT : ADV PJ CLOETE

NAMENS RESPONDENT : ADV CG JANSEN

DATUM VAN VERHOOR : 2004-09-14

DATUM VAN UITSPRAAK : 2004-09-14